

Rapporteerbaar:	Ja /
Nee	
Sirkuleer onder Regters:	<u>Ja</u>
/ Nee	
Sirkuleer onder Landdroste:	
Ja / Nee	
Sirkuleer onder Streeklanddroste:	Ja /
Nee	

**IN DIE Hoë HOF VAN SUID-AFRIKA
(Noord-Kaapse Hoë Hof, Kimberley)**

Saak No: 1350/2012
Saak Aangehoor: 17/08/2012
Datum gelewer: 24/08 /2012

In die saak tussen:

A J Groenewald NO	1ste Applikant
P M Bester NO	2de Applikant
A Groenewald NO	3de Applikant
F Groenewald NO	4de Applikant

en

Vrystaat Mielies (Edms) Bpk	Respondent
-----------------------------	------------

Coram: Olivier R

UITSPRAAK

Olivier R:

1]. Die eerste tot vierde applikante hierin is onderskeidelik mnre A J Groenewald, P M Bester, A Groenewald en F Groenewald, in hulle hoedanighede as trustees van die Voordeel Trust (“*die Trust*”). Die eerste applikant het te alle tersaaklike tye hiertoe die Trust verteenwoordig, en hy is ook die deponent tot die funderende en repliserende verklarings namens die Trust.

2]. Die respondent is Vrystaat Mielies (Edms) Bpk, ‘n instansie wat

ondermeer betrokke is by die finansiering van die verbouing van landbougewasse.

- 3]. Die applikante het op 3 Augustus 2012 op 'n dringende grondslag aansoek gedoen om tussentydse bevel, met onmiddellike werking, dat die respondent namens die Trust die bedrae van R4 miljoen en R2 706 499.00 betaal aan onderskeidelik Griekwaland-Wes Korporatief Bpk ("GWK") en ABSA Bank Bpk ("ABSA") en dat die respondent dan op die keerdatum redes moes aanvoer waarom die tussentydse bevel nie bekragtig moes word nie en waarom die respondent nie gelas moes word om die koste van die aansoek te betaal nie.
- 4]. Op aansoek van die respondent is die aansoek egter toe uitgestel na 17 Augustus 2012 vir die liassering van antwoordende en repliserende stukke. Die verspilde koste van die uitstel is voorbehou vir latere beregting. By die aanhoor van die aansoek was beide mnr van Niekerk SC, namens die applikante, en mnr P Zietsman, namens die respondent, dit eens dat daardie kostes deel van die koste in die aansoek behoort te wees. Ek laat my dus nie op hierdie stadium verder uit oor die omstandighede van die uitstel of daardie koste nie en sal bloot so 'n bevel maak.
- 5]. Die punt is namens die respondente geneem dat GWK en ABSA as partye gevoeg moes gewees het. Die aansoekstukke en die uitstelbevel is egter op hulle beteken. Daar was nie op die datum van die aanhoor van die aansoek verskyning vir enige van hulle nie. Ek kan nie sien hoe die uitslag van hierdie aansoek 'n

regsbelang van enige van hulle nadelig sou kon raak nie¹. Selfs al sou hulle ook streng gesproke gevoeg moes gewees het, het die betekening van die aansoekstukke en van die uitstelbevel op hulle enige risiko van benadeling verwyder².

6]. Die effek van die uitstel was dat die applikante uiteindelik finale regshulp verlang het, in die vorm van die voormelde bevel.

7]. Die agtergrond hiertoe is kortliks die volgende:

7.1] Gedurende November 2011 is 'n skriftelike kontrak, getiteld *"HOOFOOREENKOMS: KONTRAKGROEI PROGRAM"* en hierinverder na verwys as *"die mieliekontrak"*, namens die partye onderteken. Die eerste applikant het dit op 21 November 2011 namens die Trust onderteken en dit is op 25 November 2011 namens die respondent onderteken. Dit het gehandel met die verlening van produksiefinansiering aan die Trust vir die verbouing van 'n mielie-oes.

7.1.1. Op 23 November 2011, en dus nog voordat die mieliekontrak namens die respondent onderteken is en tot stand kon kom, het die eerste applikant ook namens die Trust die respondent se *"TOPFIN KWOTASIE"*

¹ Vergelyk **Gordon v Department of Health** [2009] 1 All SA 39 (SCA) para [9]

² **Wholesale Provision Supplies CC v Exim International CC and Another** 1995 (1) SA 150 (T) op 158 D-E; **Rebah Construction CC v Renkie Building Construction CC** 2008 (3) SA 475 (T) para [35]

onderteken. Die kwotasie het direk geslaan op die finansiering wat die Trust verlang het om die mielie-oes te verbou.

7.1.2. In die kwotasie is die vereiste gestel dat die Trust bepaalde sekuriteite in plek sou stel.

7.2] Ingevolge die bepalings van die mieliekontrak sou die terme van 'n sogenaamde handelskontrak deel word van die ooreenkoms tussen die partye rondom die finansiering van die mielie-oes.

7.3] Beide die mieliekontrak en die handelskontrak bevat 'n klousule³ wat soos volg lui:

7.3.1. *"Ons Klant sedeer hiermee alle skulde aan hom verskuldig aan VM as sekuriteit vir die betaling van alle verpligtinge van ons Klant teenoor VM, welke ontstaan uit enige bedrag*

³ Klousule 31 van die mieliekontrak en klousule 11 van die handelskontrak.

reeds verskuldig of enige bedrag wat in die toekoms verskuldig mag word aan ons Klant voortspruitend uit enige skuldoorsaak, niks uitgesluit nie.”

7.4] Die woord “Klant” verwys na die Trust en die afkorting “VM” na die respondent.

7.5] Die handelskontrak bevat voorts die volgende klousules⁴:

7.5.1. *“4.1 Dit word bevestig dat VM, ..., verplig is om die betrokke balans aan die leners uit die opbrengs van die herverkoop van die Produkte aan derdes te betaal. VM sal geregtig wees om die betaling van die Koopprys van die Produkte te hou op sterkte van die Vooruitbetalings, enige bedrag andersins verskuldig aan VM, ander sessionarisse en enige ander ooreengekome krediteure. ...*

4 Klousules 4.1 en 4.2.

7.5.2. *Ons Klant sal slegs geregtig wees op enige surplus nadat die Vooruitbetalings vanaf die Koopprijs afgetrek is en ander sessionarisse, VM en enige ander ooreengekome krediteur betaal is...."*

7.6] Dit is gemenesaak dat die respondent aan die Trust geld voorgeskiet het vir die verbouing van die mielie-oes en dat die Trust op sy beurt weer mielies aan die respondent gelewer het.

7.7] Intussen was die Trust in litigasie gewikkel met GWK en op 23 Maart 2012 is by ooreenkoms daarin 'n bevel gemaak ingevolge waarvan die Trust, onder andere, teen 31 Julie 2012 aan GWK 'n bedrag van R4 miljoen sou moes betaal. Die eerste applikant het toe hieroor onderhandel met verteenwoordigers van die respondent en daar is namens die respondent onderneem om namens die Trust die betaling te maak aan GWK, asook 'n betaling aan ABSA. Dit is skynbaar in geskil of hierdie onderneming, soos namens die respondent aangevoer, onderhewig gestel is aan die bestaan van 'n surplus op die mielierekening.

7.8] Daar was ook in 2012 onderhandelinge tussen die Trust, weereens verteenwoordig deur die eerste applikant, en die

respondent rondom 'n soortgelyke⁵ produksiefinansiering kontrak vir die verbouing van 'n koringoes. Die Trust het ondermeer finansiering verlang vir die aankoop van kunsmis vir sodanige doeleindes. Dit is die applikante se saak dat daar tydens hierdie onderhandelinge van die kant van die respondent 'n onderneming gegee is om produksiefinansiering te verleen vir die verbouing van 'n koringoes. Die respondent ontken dit. Ek handel later hiermee.

7.8.1. Op 29 Mei 2012 het die eerste applikant namens die Trust 'n kontrak getiteld *"LENINGSOOREEN-KOMS"* onderteken.

7.8.1.1. Ingevolge hiervan sou die respondent aan die Trust die bedrag van R1 940 371.83 leen, welke bedrag die Trust benodig het om die gemelde kunsmis aan te koop.

7.8.1.2. Die effek van klousules 4 tot 8 van die leningsooreenkoms sou wees dat, indien die Trust se aansoek om produksie-finansiering vir die koring onsuksesvol sou wees, die volle bedrag van die lening onmiddellik opeisbaar en betaalbaar sou word⁶.

⁵ Soortgelyk aan die mieliekontrak.

⁶ Hierdie terme is natuurlik onversoenbaar met 'n reeds bestaande onderneming om sodanige finansiering te verleen.

7.8.2. Op 22 Junie 2012 het die eerste applikant dan ook namens die Trust 'n dokument getiteld "AANSOEK OM INSETFINANSIERING VIR ENTITEITE" onderteken, wat 'n aansoek daargestel het om die voorsiening van krediet vir die verbouing van 'n koringoes.

7.9] Intussen het sekere sekuriteite van die Trust⁷ ten gunste van die respondent ook in plek gekom. In die lig van wat volg, is dit onnodig om uiteen te sit presies wat die aard en omvang daarvan was.

7.10] Die laaste van die mielie-oes wat deur die Trust aan die respondent gelewer is, is op 27 Julie 2012 gelewer.

7.11] Op dieselfde datum het die respondent 'n skrywe gerig aan ABSA waarin aangebied is om "*uit enige surplusfondse*" namens die Trust 'n bedrag van R4 miljoen te betaal aan GWK, maar slegs indien sekere verdere sekuriteite ten gunste van die respondent in plek sou kom en ABSA daartoe sou

⁷ En van 'n verwante beslote korporasie.

instem en meewerk.

7.12] Op 1 Augustus 2012 het die respondent aan die Trust berig dat die aansoek om produksiefinansiering vir die koring onsuksesvol was.

8]. Dit was op sterkte van hierdie verwickelinge wat die applikante die aansoek geloods het. In fundering was die applikante se saak dat die bykomende sekuriteit wat in die skrywe geëis is nie deel was van die onderneming om namens die Trust 'n betaling aan GWK te maak nie.

9]. Dit is die respondent se saak dat daar geen surplus oorbly ten aansien van die mieliekontrak en –finansiering nie, dat die onderneming om namens die Trust die betalings aan GWK en ABSA te maak onderhewig was aan die bestaan van 'n surplus en dat daar gevolglik geen verpligting op die respondent is om namens die Trust betalings te maak nie. Die respondent se saak in hierdie verband is ondermeer soos volg:

9.1] Omdat daar besluit is om nie produksiefinansiering vir koring aan die Trust te verleen nie, het die bedrag van die leningsooreenkoms opeisbaar en betaalbaar geword. Daar is nooit aan die eerste applikant te kenne gegee dat hierdie finansiering beslis verleen sou word nie.

9.2] Die gevolg van die bepalings van klousule 31 van die

mieliekontrak en van klousules 11, 4.1 en 4.2 van die handelskontrak is dat die respondent geregtig is om, ondermeer, die bedrag verskuldig in terme van die leningsooreenkoms teen die Trust se mielierekening te debiteer.

9.3] Deel van die ooreenkoms tussen die partye was dat daar met 'n gedeelte van die Trust se gelewerde mielies gespekuleer sou word. Daardie spekulاسie het op verliese uitgeloop, wat eweneens teen die mielierekening gedebiteer is.

9.4] Daar is ook nog verdere uitgawes ten aansien waarvan voorskotte aan die Trust verleen is en wat teen die Trust se mielierekening gedebiteer moet word.

9.5] Die eindresultaat van die berekeninge op hierdie grondslag is dat daar geen surplus is nie en dat die Trust, intendeel, nog aan die respondent 'n bedrag van R62 702.61 verskuldig is.

10]. Die applikante se saak in hierdie verband is soos volg:

10.1] Tydens die onderhandeling van die mieliekontrak is daar namens die respondent slegs melding gemaak van 'n sessie van die oesopbrengs as sekuriteit. Geen ander vorm van sekuriteit of sessie is ooit gemeld of vereis nie.

10.2] Die eerste applikant het nie die mieliekontrak "*behoorlik*" gelees nie en nie gelet op klousule 31 nie. Laasgemelde klousule stel 'n "*onbeperkte*" sessie daar en dit was nooit die

bedoeling “*van die partye*” dat daar so ‘n sessie sou wees nie. Die insluiting van klousule 31 in die mieliekontrak was die gevolg van ‘n *bona fide* gemeenskaplike fout, “*of dalk as gevolg van die feit dat die amptenare van die respondent doelbewus nie (die eerste applikant se) aandag daarop gevestig het dat daar sodanige klousule in die kontrak voorkom nie*”.

10.3] Die handelskontrak is “*geensins*” deur die eerste applikant gelees nie. Daar is nooit ooreengekom op die insluiting van klousule 11 nie. Die insluiting daarvan is eweneens die gevolg van ‘n *bona fide* gemeenskaplike fout, “*of dalk omdat die amptenare van die respondent doelbewus die teenwoordigheid van daardie klousule teenoor (die eerste applikant) verswyg het*”.

10.4] Net so is daar nie gelet op klousules 4.1 en 4.2 van die handelskontrak nie. Die insluiting daarvan in die handelskontrak sou strydig wees met die verstandhouding wat daar volgens die eerste applikant was dat die respondent by die bepaling en berekening van die surplus slegs debiete, voorskotte en vooruitbetalings in berekening sou kon bring wat betrekking gehad het op die produksiefinansiering van die mielies.

10.5] Nieteenstaande die vereiste van ander vorms van sekuriteit in die gemelde kwotasie, is finansiële voorskotte deur die respondent verleen vir die verbouing van die mielie-oes reeds voordat daardie sekuriteite in plek gekom het, en

gevolglik is die finansiering vir die mielie-oes in effek sonder sekuriteite verleen.

10.6] Tydens die onderhandelinge oor produksiefinansiering vir koring het die verteenwoordiger/s van die respondent aan die eerste applikant voorgehou dat die finansiering beslis, en as 'n saak van sekerheid, verleen sou word. Dit is op hierdie basis en verstandhouding wat die eerste applikant toe die leningsooreenkoms onderteken het. Die bepalings daarin tot die effek dat daar nog oorweeg en besluit sou word of produksiefinansiering vir koring aan die Trust verleen sou word, is strydig met wat aan die eerste applikant voorgestel is. Ook hierdie kontrak het die eerste applikant nie gelees nie en hy het dus *“ook nie ag geslaan op die tersaaklike bepalings nie”*. Die Trust is dus volgens die applikante nie gebonde aan die betrokke bepalings nie, wat sal beteken dat die kunsmisgeld nie opeisbaar geraak het nie en dus in elk geval ook op hierdie basis nie gedebiteer kon gewees het nie.

10.7] Die respondent het later ook verdere voorskotte⁸ verleen wat betrekking gehad het op die verbouing van die koringoes. Dit sou volgens die applikante inpas daarby dat die verstandhouding nie was dat die respondent steeds finansiering vir die verbouing van die koringoes kon weier nie.

10.8] In die afwesigheid van die terme vervat in die voormelde

⁸ As die bedrag vir die kunsmis.

klousules van die mieliekontrak en die handelskontrak kan die bedrae van die laasgemelde voorskotte, en van die bedrag van die kunsmis, dus nie teen die Trust se mielierekening gedebiteer word nie.

10.9] Die vroeëre verliese met die spekulاسie is uitgewis deur latere winste.

10.10] Die bykomende uitgawes na verwys namens die respondent, is aangegaan met betrekking tot die verbouing van die koringoes en kan eweneens nie teen die mielierekening gedebiteer word nie.

10.11] Verder is beweer, vir die eerste keer in repliek, dat daar *“ooreengekom (is) dat alle insette ten opsigte van diesel en lone na 1 Junie 2012, gedebiteer sou word as koringinsette”*.

10.12] Afgesien hiervan het die respondent volgens die applikante in elk geval die mielierekening gekrediteer met 'n kleiner bedrag as wat dit moes.

10.13] Wanneer gewerk word op die korrekte kredietbedrag, en die ontoelaatbare debiete weggelaat sou word, is daar volgens die applikante 'n genoegsame surplusbedrag om die bedrag van R4 miljoen aan GWK te dek, en ook nog 'n bedrag aan ABSA.

11]. Die wese van die geskil gaan dus oor of daar 'n surplus was of is by afsluiting van die mielierekening.

12]. Dit is nie in geskil nie dat, sou klousule 31 van die mieliekontrak en klousules 11, 4.1 en 4.2 van die huurkontrak geld, die respondent geregtig sou gewees het om, ondermeer, die bedrag vir die kunsmis en die ander voorskotte wat moontlik ook vir die verbouing van die koringoes aangewend mag gewees het, teen die mielierekening te debiteer. By beoordeling van die vraag of die applikante 'n duidelike reg bewys het vir doeleindes van finale regshulp, moet dus geoordeel word of die applikante op 'n oorwig van waarskynlikhede onder andere bewys het dat die Trust nie aan die gemelde bepalinge gebonde was of is nie.

13]. Verdere dispute, op die stukke, wat betrekking het op die vraag of daar 'n surplus was of is, is ondermeer:

13.1] of daar uiteindelik 'n verlies was met die spekulاسie;

[13.2] of die respondent die mielierekening met die korrekte bedrag of bedrae gekrediteer het;

[13.3] of, ten tye van die onderneming om betalings namens die Trust te maak aan GWK en ABSA, die moontlikheid voorsien is dat die surplus onvoldoende mag wees; en

[13.4] of die uiteindelijke bedrag van die surplus genoegsaam sou wees om die twee betalings vermeld in die kennisgewing van mosie te dek.

14]. Omdat die applikante finale regshulp verlang in 'n

aansoekprosedure, moet die benadering in die algemeen wees
*“om die feite wat gemene saak is te neem en waar daar ’n
 werklike dispuut op die feite bestaan die weergawe van die
 respondent, ..., te aanvaar”*⁹.

15]. Mnr Van Niekerk SC het egter namens die applikante aan die
 hand gedoen dat daar *“geen werklike feitedispuut is indien die
 aangeleentheid behoorlik oorweeg word nie”*.

16]. In hierdie verband het mnr Van Niekerk ondermeer die
 submissie gemaak dat dit sodanig onwaarskynlik is dat die
 onderneming om die bedrae aan GWK en ABSA te betaal
 onderhewig gestel sou gewees het daaraan dat daar ’n surplus
 moes wees *“na delging van die skulde aan die respondent
 verskuldig”*¹⁰, dat dit op die stukke en sondermeer verwerp kan
 word.

17]. Die eerste applikant se enigste kommentaar, in sy repliserende
 verklaring, op die stelling van die deponent vir die respondent
 tot hierdie effek, is:

*“37.1 Dit was nooit betwyfel dat daar ’n voldoende surplus sou
 wees nie.*

*37.2 Nooit het Weeks¹¹ melding gemaak daarvan dat
 koringinsette ook eers gedelg moet word voordat bepaal
 word of daar ’n surplus is nie”*.

⁹ *Staatsdiensliga van Suid-Afrika v Minister van Waterwese* 1990 (2) SA 440 (NKA) op 443G

¹⁰ Soos wat die respondent se weergawe is

¹¹ Die naam van die betrokke amptenaar van die respondent wat by hierdie onderneming betrokke was.

- 18]. Die applikante se saak is dat daar nooit twyfel was daaroor dat daar wel 'n voldoende surplus sou wees om die verlangde betalings aan GWK en ABSA te dek nie. Dit kom voor asof dit op sterkte van hierdie bewering is, in die eerste plek, wat die submissie gegrond word dat die stel van so 'n voorwaarde onwaarskynlik sou wees. Die respondent se saak, daarteenoor, is dat dit in die periode ná die skikking tussen die Trust en GWK, en in die aanloop tot die finale lewering van mielies, juis onseker was of daar 'n surplus sou wees.
- 19]. Die deponent vir die respondent se weergawe was dat die skatting van wat die Trust se mielie-oes sou wees, gaandeweg verminder het. Die eerste applikant se weergawe, daarteenoor, was egter dat die oesskatting nooit gaandeweg verminder het nie en dat dit, intendeel, met verloop van tyd al hoe duideliker geword het dat daar wel 'n surplus sou wees. Hierdie is na my oordeel 'n baie duidelike en werklike feitedispuut tussen die partye, wat 'n direkte invloed het op die vraag oor die waarskynlikheid dat die onderneming om die betalings te maak onderhewig gestel is aan die bestaan 'n surplus.
- 20]. Die eerste applikant het ook nie gemeld presies wanneer die onderneming gegee is om GWK en ABSA te betaal nie. Dit kon nog betreklik lank voor die finale lewering gewees het. Na my oordeel kan, ondermeer in die lig hiervan, nie enigsins gesê word dat die amptenaar van die respondent nie die betalings aan GWK en ABSA onderhewig sou gestel het aan die

uiteindelike bestaan van 'n surplus nie.

- 21]. Mnr Van Niekerk het ook aan die hand gedoen dat, sou die ooreenkoms gewees het dat die respondent geregtig sou wees om alle skulde in verrekening te bring¹², dit net so onwaarskynlik is dat die amptenaar so 'n voorwaarde sou gestel het, skynbaar omdat dit dan duidelik sou gewees het dat daar op sodanige basis nooit 'n surplus kon wees nie. Weereens weet 'n mens nie presies wanneer die onderneming¹³ gegee is nie, en gevolglik dus ook nie wat op daardie stadium die feitelike toedrag van sake was en wat die betrokke amptenaar dus sou moes voorsien het nie.
- 22]. Daar hoef maar net gekyk te word na die kontrakgroeistaat om te sien dat die stand van die mielierekening letterlik van dag tot dag sou kon gewissel het.
- 23]. Ek vind dit glad nie onwaarskynlik dat die betrokke amptenaar die uitbetalings onderworpe sou gestel het aan die bestaan van 'n surplus nie; allermens sodanig onwaarskynlik dat ek bereid sou wees om dit op die stukke te verwerp as “*palpably implausible, far-fetched or ... clearly untenable*”¹⁴. Na my oordeel sou dit, intendeel, roekeloos gewees het om die onderneming nie onderhewig te stel aan die bestaan van 'n surplus nie.
- 24]. Dit blyk nie eers of die sekuriteite wat in die kwotasie vereis is ten aansien van die mieliekontrak, al in plek was toe die

¹² En nie slegs dié wat betrekking gehad het op die mielie-oes nie.

¹³ Om GWK en ABSA te betaal.

¹⁴ **National Director of Public Prosecutions v Zuma** 2009 (2) SA 277 (SCA) (2009 (1) SACR 361; 2009 (4) BCLR 393; [2008] 1 All SA 197) para [26]

onderneming gegee is om GWK en ABSA te betaal nie. Dit blyk ook nie of die kunsmisgeld, en ook die ander voorskotte wat die eerste applikant sê ten aansien van die koring verleen is en ten aansien waarvan daar nog nie eers 'n kontrak vir produksiefinansiering gesluit was nie, toe al aan die Trust uitbetaal was nie.

25]. Ek moet sê dat ek dit in elk geval moeilik vind om te verstaan hoekom die applikante sou wou betwis dat die verstandhouding was dat die betalings uit die surplus gemaak sou word.

[25.1] Dit is die strekking van die applikante se eie saak, soos vervat in die funderende verklaring, dat die betalings gemaak moet word uit die "*wins*".

[25.2] Dit is op die stukke totaal ondenkbaar dat die verteenwoordiger van die respondent kon bedoel het dat die betalings gemaak sou word ongeag van of daar 'n surplus was of nie.

[25.3] Die blote feit dat, op die applikante se eie weergawe, die omvang van die bedrag wat aan ABSA betaal sou word afhanklik sou wees van watter deel van die surplus oorbly nadat GWK betaal is, maak dit baie duidelik dat die bedoeling was dat die betalings uit die surplus gedoen sou word.

[25.4] Selfs al sou, soos wat die eerste applikant te kenne gee,

beide hy en die respondent se verteenwoordiger die verwagting gehad het dat daar wel 'n genoegsame surplus sou realiseer, sou dit nog nie beteken dat die verteenwoordiger van die respondent nie die betalings daarvan afhanklik sou gestel het nie.

[25.5] Op die beste vir die applikante, en bloot op hulle weergawe, sou beide die verteenwoordiger en die eerste applikant op daardie stadium dan gewerk het op die basis en veronderstelling dat daar wel 'n voldoende surplus sou wees. Sou dit dan uiteindelik tog gebeur het dat daar nie so 'n surplus was nie, sou die hele substratum van die onderneming en ooreenkoms in elk geval weggeval het.

26]. Mnr Van Niekerk het namens die applikante aan die hand gedoen dat die feit dat daar in die voormelde skrywe van die respondent aan GWK slegs van vooruitbetalings ten aansien van die mielies melding gemaak is, aanduidend daarvan is dat ander skulde nie teen die mielierekening gedebiteer sou kon word nie. Die betrokke paragraaf van die skrywe het egter geensins gehandel met wat teen die mielierekening gedebiteer sou kon word nie. Dit het bloot die feit gestel dat die respondent vooruitbetalings aan die Trust gemaak het.

27]. Mnr Van Niekerk het in hierdie verband aan die hand gedoen dat mnr Kennedy van die respondent in sy skrywe aan ABSA op 27 Julie 2012 in effek te kenne gegee het dat daar wel 'n surplus was of sou wees. Ek stem nie hiermee saam nie. Die betrokke gedeelte van die skrywe lees dat die respondent bereid is om

“uit enige surplus fondse” te betaal. Die mees waarskynlike vertolking hiervan is na my oordeel glad nie dat daar beslis ’n surplus was of sou wees nie. Ek moet egter sê dat ek dit ook moeilik vind om mnr Kennedy se verduideliking in hierdie verband te verstaan. Wat ookal mnr Kenedy gesê of bedoel het, kan egter nooit dien as die beste getuienis van of daar inderdaad op daardie stadium ’n surplus of fondse was wat die betalings kon gedek het nie. Hieroor moet gekyk word na die objektiewe feite.

28]. Wat betref die eerste applikant se beweringe dat hy onbewus sou gewees het van die gemelde bepalings van die mieliekontrak en die handelskontrak, en dat die insluiting daarvan inteendeel indruis teen wat vir hom gesê sou gewees het, het mnr Van Niekerk gesteun op die beslissing in **Home Fires Transvaal CC v Van Wyk and Another**¹⁵.

29]. Die feite van die **Home Fires** saak en dié hier tersprake is egter totaal verskillend. Die respondent se saak is hier dat die inhoud van hierdie kontrakte aan die eerste applikant verduidelik is en hier is dus geen sprake daarvan dat die respondent sou geweet het dat die eerste applikant nie bewus was van die inhoud van die kontrakte nie. In die **Home Fires** saak is net ’n gedeelte van die kontrak beskikbaar gestel. Dit gaan egter hier oor die beginsel bespreek in daardie saak, naamlik dat ’n ondertekenaar wat tot die kennis van die ander party nie bewus was van die inhoud van ’n dokument by ondertekening daarvan nie, nie

¹⁵ 2002 (2) SA 375 (WLD)

daaraan gebonde gehou sal word nie waar die ander party nie deur die ondertekenaar se ondertekening mislei is nie en net homself te blameer het vir die feit dat die ondertekenaar nie bewus was van die inhoud nie. Ek meen egter dat die applikante hier, en op die feite van hierdie geval, nie steun kan vind in hierdie beginsel nie.

30]. Die eerste applikant se kommentaar op die beweringe dat die inhoud en strekking van die kontrakte aan hom verduidelik is, is bloot dat die *“bedrae wat gedelg word uit die koopprys van die mielies is bedrae deur die trust verskuldig met betrekking tot die mielie-oes”*. Hy ontken nie uitdruklik dat die betrokke amptenaar van die respondent, wat by name geïdentifiseer is in die antwoordende verklaring, aan hom ’n verduideliking gegee het van die inhoud en strekking van die kontrakte nie. Geen bewering is ook gemaak dat die verteenwoordigers van die respondent geweet het dat die eerste applikant die kontrakte nie gelees het nie en dat hy onbewus was van die gewraakte bepalinge daarin¹⁶.

31]. Die stelling namens die respondent dat die sessie-terme *“standaard (is) in landboufinansiering”* is ook nie spesifiek betwis nie. Dit terwyl die eerste applikant self sê dat daar vir hom gesê is dat die kontrakte die standaard en normale kontrakte is wat vir alle boere geld. Hy beweer nooit dat hy onbewus was daarvan dat sulke klousules deel vorm van die sogenaamde standaard en normale kontrakte vir boere nie.

¹⁶ Vergelyk **Spindrift (Pty) Ltd v Lester Donovan (Pty) Ltd** 1986 (1) SA 303 (AD) op 315 I-J; **Van Wyk v Otten** 1963 (1) SA 415 (O)

- 32]. Betreffende die bewering van die eerste applikant dat die insluiting van die klousules 'n gemeenskaplike fout van die partye sou wees, is geen so 'n saak uitgemaak nie. Daar is geen aanduiding daarvan dat dit ook nooit die respondent se bedoeling was dat die betrokke klousules ingesluit sou wees in die kontrakte nie.
- 33]. Nog minder is 'n saak uitgemaak daarvoor dat personeel van die respondent die eerste applikant "*dalk*" hieroor mislei het. Hierdie sou 'n ernstige bewering wees ten aansien waarvan duidelike getuienis van die kant van die applikante nodig sou gewees het¹⁷.
- 34]. Die eerste applikant voer aan dat daar ook nie tyd was om die betrokke kontrakte met die Trust se prokureur te bespreek nie. In hierdie verband voer hy aan dat hy na Potchefstroom moes ry om hulle te onderteken. As hy daarvoor tyd gehad het om daarheen te reis, kon hy darem sekerlik ook 'n tydjie ingeruim het om die kontrakte te lees.
- 35]. Ek meen dat, wanneer oorweeg word of die applikante op 'n oorwig van waarskynlikhede aangetoon het dat die eerste applikant nie van die inhoud van die gemelde kontrakte bewus was nie en geen rede gehad het om die betrokke klousules daarin te verwag nie, daar ook gelet moet word op die verdere verloop van sake, en die eerste applikant se soortgelyke beweringe ten aansien van die leningsooreenkoms. Dit is

¹⁷ Vergelyk **National Director of Public Prosecutions v Zuma**, *supra* (voetnota 14), op 291C

natuurlik in elk geval ook van belang wanneer oorweeg moet word of die kunsmisgeld enigsins opeisbaar is.

36]. Weereens is die eerste applikant se bewering dat hy ook hierdie kontrak, waar dit weereens gegaan het om 'n groot bedrag geld, nie gelees het voordat hy dit onderteken het nie.

37]. Die respondent se saak, daarteenoor, is:

37.1] dat die terme van die leningsooreenkoms, en meer spesifiek ook die terme waaroor die eerste applikant hom nou bekla, deur mnr Grobler van die respondent aan die eerste applikant verduidelik is;

37.2] dat die leningsooreenkoms in dié vorm aan die eerste applikant versend is per e-pos, wat hom dus die geleentheid gegee het om dit te bestudeer; en

37.3] dat die eerste applikant die ooreenkoms toe onderteken het en teruggestuur het.

38]. Die eerste applikant ontken nêrens dat mnr Grobler die inhoud van leningsooreenkoms, en die betrokke terme, aan hom verduidelik het nie. Hy maak bloot die vae bewering dat die wyse waarop hy met die kontrakte gehandel het *“teweeggebring (is) deur voorstellings gemaak deur amptenare van die respondent”*.

39]. Op die eerste applikant se eie weergawe het hy die

leningsooreenkoms inderdaad twee keer onderteken en ek meen dat dit uiters onwaarskynlik is dat hy by beide geleenthede so sou gedoen het sonder om hulle te lees.

40]. Wat betref sy weergawe dat daar aan hom voorgehou is dat die toestaan van die produksiefinansiering vir die koring 'n sekerheid was, en dat hy dus geen rede gehad het om terme tot die teendeel te verwag in die leningsooreenkoms nie, is dit ook van belang dat die eerste applikant op 22 Junie 2012, byna 'n maand ná hy die leningsooreenkoms onderteken het, namens die Trust 'n aansoek om produksiefinansiering vir die koring onderteken het¹⁸. Hy beweer nêrens dat hy ook hierdie dokument nie gelees het nie, of dat hy ook hieroor mislei is nie. Hy lewer ook nie kommentaar op die deponent vir die respondent se stelling dat sy ondertekening van so 'n aansoek onversoenbaar sou wees met 'n beweerde indruk dat die toestaan van produksiefinansiering vir die koring 'n sekerheid was nie.

41]. In fundering was 'n integrale deel van die eerste applikant se weergawe dat vir hom gesê is die Trust sal beslis produksiefinansiering vir die koring kry, sy beweringe:

41.1] dat die enigste voorwaarde wat daarvoor gestel is, was dat sekere sekuriteite in plek gestel moes word;

41.2] dat daardie sekuriteite toe wel in plek gestel is; en

¹⁸ Net soos wat hy moes doen voordat aan die Trust produksiefinansiering vir die mielies verleen is.

41.3] dat dit juis toe eers, ná die inplekstelling van daardie sekuriteite, was dat die kunsmis bestel is.

- 42]. Opsommenderwys was die eerste applikant se beweringe in hierdie verband dus dat die verskaffing van die betrokke sekuriteite, en die daaropvolgende bestelling van die kunsmis, staving sou wees vir sy bewering dat dit voorafgegaan is deur 'n vaste belofte dat produksiefinansiering vir die koring verleen sou word, mits daar maar net sekere sekuriteite in plek gestel word.
- 43]. Dit is egter in die antwoordende verklaring aan die lig gebring dat die sekuriteite waarna die eerste applikant in hierdie verband verwys het in die funderende verklaring, dié is wat in plek gestel is met betrekking tot die mieliekontrak, soos vereis in daardie kwotasie.
- 44]. Die eerste applikant se weergawe in repliek is dan nou ook, soos tereg deur mnr Van Niekerk toegegee, presies die teenoorgestelde van wat dit ten aansien hiervan in fundering was. Hy verklaar naamlik nou dat sekuriteite nie vereis is vir koringinsette nie. Dit raak sy hele beskrywing van die omstandighede waaronder vir hom gesê sou gewees het dat die Trust beslis produksiefinansiering vir die koring sou kry. Sy weergawe nou moet ook dus noodwendig wees dat die belofte om vir die Trust produksiefinansiering vir koring te gee, heeltemal onvoorwaardelik was. Dit nogal volgens hom aan die begin van 2012, en dus op 'n stadium toe die mielie-oes nog ver van gelewer was en die respondent se risiko ten aansien daarvan

dus nog redelik hoog moes gewees het. Inteendeel, volgens die eerste applikant sou die respondent toe ook al bewus gewees het van die Trust se probleme met GWK.

- 45]. Hoekom sou die eerste applikant dan in elk geval gedink het, op sy eie weergawe, dat die respondent sou verlang dat 'n leningsooreenkoms slegs te aansien van die kunsmisgeld aangegaan moes word? Heelwat meer geld sou mos nodig wees vir die verbouing van die koringoes. Hoekom sou die respondent dan nie maar bloot voorgegaan het en die eerste applikant 'n kontrak laat teken het soortgelyk aan die mieliekontrak nie?
- 46]. Die afleiding dat daar 'n vaste onderneming was om produksiefinansiering vir koring te gee, is ook nie die mees waarskynlike afleiding wat gemaak sou kon word uit die feit dat geld voorgeskiets is vir die kunsmis en vir ander koringinsette nie. Minstens net so 'n waarskynlike afleiding sou wees dat die respondent die betrokke voorskotte gemaak het op 'n oorbruggingsbasis hangende die oorweging van produksiefinansiering vir die koring, soos wat ook namens die respondent beweer word, en omdat die respondent geweet het dat sodanige voorskotte teen die mielierekening gedebiteer sou kon word¹⁹, ten aansien van welke rekening die respondent ook wel oor sekuriteite beskik het.
- 47]. Dit moet in gedagte gehou word dat 'n party wat 'n skriftelike kontrak onderteken normaalweg nie toegelaat sal word om aan

¹⁹ Op sterkte van die voormelde bepalings in die mieliekontrak en handelskontrak

die terme daarvan te ontsnap op die basis van 'n bewering dat die party onbewus was van wat die inhoud van die kontrak was nie; die sogenaamde *caveat subscriptor* reël²⁰. Die ware grondslag van hierdie sogenaamde reël is in werklikheid maar die vraag of die ander party in die omstandighede redelikerwys kon aanvaar dat die ondertekenaar, deur ondertekening van die dokument, 'n bedoeling getoon het om daardeur gebind te wees.²¹ Na my oordeel is hier nie op 'n oorwig van waarskynlikhede aangetoon dat die respondent nie redelikerwys die ondertekening van die kontrakte deur die eerste applikant kon gesien het as aanduidend van 'n bedoeling om die Trust te bind nie.

48]. Op die beste vir die applikante bestaan daar 'n duidelike dispuut oor die vraag of die eerste applikant geweet het wat die terme daarvan was. Hy, aan die een kant, beweer dat hy die kontrakte nie gelees het nie en onbewus was van die terme. Die deponente vir die respondent, aan die ander kant, voer aan dat die inhoud van die kontrakte aan die eerste applikant verduidelik is en hulle ontken die voorstellings wat na bewering daartoe sou gelei het dat die eerste applikant geglo het dat die kontrakte nie die gewraakte bepalings sou bevat nie.

49]. Die respondent se beweringe in hierdie verband is geensins onwaarskynlik nie en kan op geen basis as onhoudbaar of vergesog verwerp word nie.

²⁰ **Burger v Central South African Railways** 1903 TS 571 op 578

²¹ **The Law of Contract in South Africa**, Christie, 5de uitgawe, bl 175; **George v Fairmead (Pty) Ltd** 1958 (2) SA 465 (A) op 471 A-D; **Brink v Humphries & Jewell (Pty) Ltd** [2005] 2 All SA 343 (SCA)

- 50]. Dieselfde geld ten aansien van die dispute oor die resultaat van die spekulاسie en die bedrae waarmee die mielierekening gekrediteer is.
- 51]. Die applikante se eie saak oor die huidige stand van die mielierekening, en die omvang van die beweerde surplus, is onseker.
- 51.1] In fundering is beweer dat die totaal van die debiete voortspruitend uit die produksiefinansiering van die mielies die bedrag van R10 589 589.00 beloop het, teenoor die lewerings ten bedrae van R17 296 097.00, wat dus 'n "*wins*" van R6 706 499.00 gelaat het.
- 51.2] In repliek is hierdie syfers egter aangepas en is aangevoer dat die surplus in werklikheid 'n bedrag van R5 458 752.00 beloop; 'n volle R1 247 747.00 minder as vroeër beweer.
- 51.3] Die bedrag gemeld in repliek sou nie voldoende wees om die betalings te dek wat die applikante in die kennisgewing versoek dat die respondent gelas moet word om te maak nie.
- 52]. Mnr Van Niekerk het gewag gemaak daarvan dat die deponent vir die respondent, waar hy in die antwoordende verklaring gehandel het met die bewering wat die eerste applikant in fundering gemaak het oor die skuld op die mielierekening, nie pertinent daardie bewering ontken het nie. Wat daar gesê is namens die respondent, moet egter in konteks geles word.

Daar is naamlik verwys na wat later in die antwoordende verklaring gesê sou word oor die debiete en krediete op die rekening. Soos wat ek reeds gesê het, is daar dan ook later in die verklaring baie duidelik in geskil getree met die eerste applikant se weergawe hieroor en is daar uiteindelik gestel dat die debiete van so 'n aard was dat daar geen surplus is nie.

- 53]. Mnr van Niekerk het ook die respondent verkwalik daarvoor dat meer volledige inligting nie geopenbaar is oor die mielies wat gelewer is nie. Dit was egter vir die applikante om hulle saak uit te maak en na my oordeel het die respondent genoegsame beweringe gemaak en inligting verskaf om te toon dat daar oor die uiteindelijke stand van die mielierekening 'n werklike en wesenlike feitedispuut bestaan.
- 54]. Uiteindelik bly die kruksvraag maar bloot of daar so 'n surplus bestaan het. Dit is beslis nie die saak wat in fundering uitgemaak is dat die respondent enige van die betrokke betalings moet maak ook selfs al sou daar nie 'n voldoende surplus wees nie.
- 55]. Wat betref die vraag of die spekulاسie met die mielies uiteindelik gelei het tot 'n wins of tot 'n verlies, is daar 'n duidelike feitedispuut. Dit is wesenlik, want dit is relevant ten aansien van die berekening van die staat van die mielierekening, en die bepaling van enige surplus. Die respondent se beweringe ten aansien hiervan kan eweneens nie op die stukke sondermeer verwerp word nie.

- 56]. Mnr Van Niekerk het in hierdie verband verder aan die hand gedoen dat daar in elk geval nêrens in die mielie- of handelskontrak voorsiening gemaak word daarvoor dat sodanige verliese teen die mielierekening gedebiteer sou kon word nie. Hierdie submitisie is onversoenbaar met die eerste applikant se houding²² dat die beweerde winste (uit die spekulasie) wel teen die betrokke rekening gekrediteer moes gewees het.
- 57]. Die houding van die eerste applikant dat, omdat voorskotte vir die mielie-oes verleen is nog voordat die sekuriteite vereis in die kwotasie in plek gestel is, dié produksiefinansiering in effek sonder sekuriteite verleen is, gaan nie op nie. Dat die respondent van die sekuriteite afstand gedoen het deur solank voort te gaan met die maak van voorskotte, is na my oordeel nie die mees waarskynlike afleiding hieruit nie²³. Die applikante het na my oordeel nie naastenby so 'n afstandoening bewys nie²⁴.
- 58]. Afgesien hiervan het dit in elk geval nou duidelik geword, onder andere deur die ommeswaai van die eerste applikant hieroor in sy repliserende verklaring, dat die betrokke sekuriteite nie in plek gestel is ten aansien van die koringoes nie. Dit kon dus maar net uit hoofde van die mieliekontrak en –kwotasie in plek gestel gewees het.
- 59]. Ek ag dit dus nie eers nodig om te handel met klousule 30 van die handelskontrak, wat handel met die afleidings wat uit 'n

²² In sy repliserende verklaring.

²³ Vergelyk **National Council of Societies for the Prevention of Cruelty to Animals v Openshaw** 2008 (5) SA 339 (SCA) para [26]

²⁴ Vergelyk **Hepner v Roodepoort-Maraiburg Town Council** 1962 (4) SA 772 (AD) op 778E

toegewing gemaak sou kon word, nie.

- 60]. Ook sover dit betref die respondent se beweringe rakende die krediete wat teen die mielierekening aangebring is en moes word, kan hulle nie op die stukke afgemaak word as vergesog, ooglopend vals of onhoudbaar nie.
- 61]. Opsommenderwys is ek van oordeel dat die applikante hopeloos gefaal het daarin om 'n duidelike reg op die maak van die betalings (deur die respondent) aan te toon²⁵. Die applikante het nie op 'n oorwig van waarskynlikhede 'n saak daarvoor uitgemaak dat hulle nie aan die volledige inhoud van die betrokke kontrakte gebonde gehou behoort te word nie. Dit opsigself maak dit onmoontlik om te bevind dat daar 'n genoegsame surplus was en is. Dan is daar ook nog die ander feitedispute waarop ek reeds gewys het.
- 62]. Soos reeds gemeld, het mnr Van Niekerk die houding ingeneem dat daar in werklikheid nie 'n feitedispuut bestaan nie. Dit was die trant van sy betoogshoofde en ook van sy aanvanklike argument by die aanhoor van die aansoek. Dit was eers toe hy repliek gelewer het wat hy aan die hand gedoen het dat, sou die Hof tog tot die slotsom kom dat daar sodanige dispuut bestaan, dit die Hof sou vrystaan om dit te verwys vir mondelinge getuienis.
- 63]. Ek is nie seker of hierdie benadering eers bestempel sou kon word as 'n aansoek om sodanige verwysing nie, maar vir soverre

²⁵ *Masuku v Minister van Justisie en Andere* 1990 (1) SA 832 (A) op 840 C – 841 E

dit wel sou kon, het mnr Zietsman toe namens die respondent aangedui dat dit teengestaan word.

- 64]. 'n Aansoek vir die verwysing van 'n dispuut vir mondelinge getuienis moet oor die algemeen darem gebring word voor die aanhoor van argumente²⁶, alhoewel dit nie 'n onbuigbare reël is nie²⁷.
- 65]. Hier is die probleem egter ook die wye verskeidenheid van aspekte waaroor daar dispute bestaan, en waarop ek reeds gewys het. Wat was die inhoud van die verskillende gesprekke rondom die ondertekening van eers die mieliekontrak en toe later die leningsooreenkoms, is daar ooit ooreengekom dat insette ná 1 Junie 2012 geag sou word koringinsette te wees²⁸, wat was die eindresultaat van die spekulاسie en hoe moes hiermee gehandel word, waarop het die verdere uitgawes geslaan wat ook teen die mielierekening gedebiteer is en is die korrekte krediete teen die mielierekening aangebring? Die prosedure van 'n verwysing van 'n dispuut vir mondelinge getuienis is nie bedoel vir so 'n uiteenlopende aantal feitedispute nie²⁹.
- 66]. Na my oordeel is hierdie dus nie 'n geskikte geval vir die verwysing van geskilpunte vir mondelinge getuienis nie. Ek sou ook nie die aansoek vir verhoor verwys nie³⁰. Dit sou nie hier 'n doel dien nie. Die skikkingsooreenkoms tussen die Trust en

26 Sien **De Reszke v Maras** 2006 (1) SA 401 (C) op 413

27 Vergelyk **Administrator, Transvaal, and Others v Theletsane and Others** 1991 (2) SA 192 (A) op 200

28 Skynbaar ongeag van of hulle eintlik geslaan het op die mielie-oes.

29 Vergelyk **Pressma Services (Pty) Ltd v Schuttler** 1990 (2) SA 411 (C) op 419E-G

30 Vergelyk Uniforme Hofreël 6(5)(g)

GWK was tot die effek dat, sou onder andere die betaling van 31 Julie 2012 nie gedoen word nie, die totale skuld van die Trust aan GWK opeisbaar en betaalbaar sou word. Dit het nou reeds gebeur, en die houding is ook namens GWK ingeneem dat die volle skuld nou opeisbaar en betaalbaar is. Dit sal in elk geval dus nou vir GWK vrystaan om op hierdie basis stappe teen die Trust te neem. Die hele doel van die applikante se aansoek³¹ was om die betrokke betaling te laat geskied. Daar is geen aanduiding dat GWK verdere uitstel verleen het nie en die waarskynlikheid daarvan dat so 'n verhoor eers baie later gefinaliseer sal word, sou die uitslag van akademiese belang maak.

67]. Wat die koste van hierdie aansoek betref, sien ek geen rede waarom dit nie die uitslag behoort te volg nie. Die teendeel is ook nie geargumenteer nie.

68]. In die betoogshoofde namens die respondent is versoek dat sodanige koste sal wees op die skaal tussen prokureur en kliënt. Daar is in hierdie verband gesteun op die bepalings van klousule 28 van die handelskontrak, wat soos volg lui:

“Die partye stem in om al die ander party se regkoste op ‘n skaal soos tussen prokureur-en-eie-kliënt te betaal indien dit vir ‘n party nodig is om sodanige koste aan te gaan ten einde enige regte wat dit ingevolge hierdie ooreenkoms mag hê af te dwing of enige aksie deur die ander party ingestel voortspruitend uit hierdie ooreenkoms te verdedig.”

31 Nadat GWK uitstel verleen het daarvoor tot 3 August 2012.

69]. Mnr van Niekerk het aan die hand gedoen dat die respondent nie hierop kan steun nie. Hy het in hierdie verband gesubmiteer dat hierdie nie 'n aksie is nie en dat dit ook nie hier gegaan het om die afdwing van regte voortspruitende uit die ooreenkoms nie. Na my oordeel is daar geen meriete in hierdie submissies nie. Hierdie is duidelik een van daardie gevalle waar die woord “*aksie*” ook die aansoekprosedure sal insluit³², anders sou die partye gedwing wees om, ten einde geregtig te wees op koste teen die ooreengekome skaal, die aksieprosedure te volg selfs waar die mosieprosedure andersins beskikbaar en gepas sou wees. Verder kan daar geen twyfel wees nie dat die applikante se aansoek voortspruit uit hulle regte ingevolge onder andere die mielie- en handelskontrakte, en dat dit is wat die respondent hier verdedig. Die feit dat die applikante aanvoer dat sekere gedeeltes van die kontrakte nie teen die Trust afgedwing kan word nie, bring nie mee dat hulle glad nie op die kontrakte (en die Trust se regte ingevolge daarvan) steun in hulle aanspraak op betaling nie.

70]. In die omstandighede maak ek die volgende bevel:

Die aansoek word afgewys met koste op die skaal soos tussen prokureur en kliënt, welke koste dié sal insluit wat teweeggebring is deur die uitstel van die aansoek op 3 Augustus 2012.

³² Vergelyk *Middelburg Rugbyklub v Suid-Oos Transvaalse Rugby-Unie en 'n Ander* 1978 (1) SA 484 (T) op 487 – 488; *Danzas Trek (Pty) Ltd v Du Bourg and Another* 1979 (4) SA 915 (W) op 919 A – 920 B; *Kwik Kopy (SA) (Pty) Ltd v Van Haarlem and Another* 1999 (1) SA 472 (W) op 481 D - F

C J OLIVIER
REGTER
NOORD-KAAPSE AFDELING

Nms Applikante: Adv J G Van Niekerk, SC
In opdrag van: Haarhoffs Ing, Kimberley.

Nms Respondent: Adv P Zietsman
In opdrag van: Elliott, Maris, Wilmans & Hay, Kimberley.